

DIE ANC-REGERING SE IDEOLOGIESE OMMESWAAI

Sampie Terreblanche

Die driededige alliansie tussen die ANC, die SAKP en COSATU het sy *Heropbou en Ontwikkelingsprogram* (HOP) vóór die 1994 verkiesing as sy beleidstrategie ~~van 'n ANC-regering~~ gepubliseer. Die HOP was hoofsaaklik daarop gemik om die armoede en onreg wat apartheid vir die meerderheid van die bevolking bewerkstellig het, uit die weg te ruim.

Die ANC het in sy eerste vyf jaar gemengde sukses in die verwesenliking van die HOP behaal. Die vernaamste suksesse was ten opsigte van die bou van huise, die voorsiening van skoon water en sanitasie en elektrifisering van huishoudings.

Alhoewel meer as 60% van die owerheid se nie-rente bestedings op sosiale dienste is, is dit nie genoeg om armoede uit die weg te ruim of om die groot ongelykhede in die verdeling van inkome te verminder nie. Intendeel. Ons het rede om te vermoed dat 'n groter persentasie van die bevolking tans in absolute armoede leef en dat inkome ongelyker verdeel is as wat die geval in 1994 was.

As gevolg van 'n streng toepassing van die beleid van regstellende optrede is die openbare sektor tot 'n groot hoogte "verswart". Alhoewel hierdie beginsel nie bevraagteken kan word nie, het die tempo waarteen staatsdepartemente "verswart" het ongelukkig tot 'n ernstige verswakking in die kapasiteit daarvan gelei.

Die voorneme van die ANC-regering om die ekonomie fundamenteel te herstruktureer het nie gematerialiseer nie. Die SA stelsel van kapitalisme is nie 'n "normale" stelsel van kapitalisme ~~is~~ nie, maar die restant van 'n stelsel van rasse-kapitalisme wat steeds diepgewortelde neigings tot *sistemiese uitbuiting* teenoor swart mense openbaar.

Die onvermoë van die ANC-regering om die ekonomie te herstruktureer moet betreur word. Daar is welliswaar goed gevorder met swartbemagtiging. Dit word beraam dat sowat 10% van die aandele wat op die Johannesburgse Aandelebeurs gekwoteer word, nou onder swart beheer is.

SUID-AFRIKA SE TWEEDE DEMOKRATIESE VERKIESING

Sampie Terreblanche

Suid-Afrika se tweede demokratiese verkiesing vind op 2 Junie 1999 plaas. Tydens die eerste verkiesing in April 1994 het die ANC Alliansie 62,6% van die totale stemme verwerf, die NP 20,6%, die Inkate Vryheidsparty (IVP) 10,6, die Vryheidsfront (VF) 2,3, die Demokratiese Party 1,8% en die PAC 1,3%.

Altesame 41 partye het vir die Junie-verkiesing geregistreer. Die werklike stryd sal tussen die ANC Alliansie en sowat 7 of 8 kleiner partye geveg word. Dit word verwag dat die ANC Alliansie minstens 60% van die stemme sal kry met 'n buitekans om 'n twee-derde meerderheid te behaal.

Dit is onwaarskynlik dat die grootste van die klein partye meer as sê 12% van die stemme sal kry. Dit beteken dat die ANC se eenpartydominansie nà die verkiesing voorgesit sal word. Dit sal ongelukkig nie bevorderlik vir die inburgering van 'n stabiele en 'n standhoudende demokratiese tradisie en vir die ontwikkeling van 'n goedgeartikuleerde en goedgeorganiseerde burgerlike gemeenskap wees nie.

Die polarisasie tussen die ANC Alliansie en 'n groot getal Mickey Mouse partye (soos Pres Mandela hulle noem), moet tot 'n groot mate aan die stelsel van proporsionele verteenwoordiging toegeskryf word en aan die feit dat die grondwet nie 'n "drumpelbeginsel" bevat waarvolgens slegs partye wat minstens 5% van die totale steun verwerf, op verteenwoordiging in die parlement geregtig is nie.

Sewe van die grootste klein partye se steun gaan tussen 2% en 12% lê. Dit sal ongelukkig die gevoel van politieke magteloosheid en apatie by diegene wat nie die ANC steun nie, versterk. Wat die situasie nog meer bizaar maak, is dat daar tussen die vennote van die ANC Alliansie groot ideologiese verskille bestaan, terwyl dit nogal

Die gemiddelde groeikoers gedurende die afgelope vyf jaar was laer as 2%. Dit word beraam dat sowat 600 000 werksgeleenthede sedert 1994 vernietig is en dat 35% van die potensiële arbeidsmag steeds nie werksgeleenthede in die formele sektor van die ekonomie kan kry nie.

In Junie 1996 het die regering sy nuwe beleidstrategie, nl. *Growth, Employment and Redistribution (GEAR)* aangekondig wat tot 'n groot hoogte die HOP vervang het. Terwyl die HOP 'n mensgeoriënteerde en 'n herverdelingstrategie was, is die GEAR beleid 'n neo-liberale groei-strategie.

GEAR beklemtoon die behoefte aan markgeleide groei, fiskale en monetêre dissipline, beleggings vertroue en 'n eerbiediging van die dissipline van internasionale markte. Dit impliseer ook dat die staat hom so volledig moontlik van die ekonomie moet onttrek en owerheidsbestedings moet afskaal sodat privaat beleggings nie daardeur "verdring" sal word nie.

GEAR het in die vooruitsig gestel dat die ekonomiese groeikoers in die jaar 2000 6% sal wees, en dat 1.3 miljoen addisionele werksgeleenthede tot dan geskep sou word. Hierdie oordrewe optimistiese scenario het erg geboemerang. Die groeikoers is tans negatief, kapitaalinvloei is laag, werkloosheid groter en die armes armer.

Ter versagting van GEAR moet gesê word dat die krisis in die Global Economy 'n baie negatiewe effek op SA as ontluikende land gehad het. Maar selfs al het daar nie 'n krisis in die Global Economy ontstaan nie, is dit hoogs onwaarskynlik dat die optimistiese mikpunte verwesenlik sou word.

'n Ernstige tekortkoming van GEAR is dat dit 'n te eng ekonomiese strategie is. Dit het uitgegaan van die veronderstelling dat makro-ekonomiese stabiliteit voldoende sou wees om buitelandse beleggings te lok. GEAR het nie besef dat sosiaal-ekonomiese stabiliteit en die kapasiteit in die owerheidsektor ewe belangrike voorwaardes is voordat voldoende buitelandse kapitaal gelok kan word nie.

Toe die ANC-regering in 1996 die GEAR aangekondig het, het hy 'n *ideologiese kwantum sprong* van 'n posisie taamlik links op die ideologiese spektrum na 'n posisie taamlik regs daarvan geneem. Waaraan moet hierdie ideologiese ommeswaai toegeskryf word?

'n Moontlike verklaring is dat die regering aan die begin van 1996 beseft het dat hy oor nog die regeringse kapasiteit om die staatskapasiteit te beskik om 'n "developmental state" beleid soos die HOP suksesvol deur te voer. Hy het toe die gekompliseerde proses van ekonomiese transformasie aan die vryemark oorhandig. Alhoewel hierdie interpretasie waarskynlik te sinies is, is dit nie sonder verdienste nie.

Twee ander moontlike redes vir die ideologiese kwantum sprong, is die volgende: Eerstens, dat toe die ANC-regering eenmaal gekonfronteer is deur die harde werklikhede van die SA situasie hy "regse" pragmatisme bo "linkse" idealisme gekies het. Tweedens, dat die ANC-regering die verloorde was in 'n ideologiese "powerstruggle" waarin regse drukgroepe – soos die private sektor, sekere "ou" staatsdepartemente, die nuwe swart elite en die Global Economy (en veral die Wêreld Bank en die IMF) – sterk druk ter wille van 'n neo-liberale benadering uitgeoefen het.

Die kwantum sprong moet waarskynlik eerder aan die "powerstruggle" as aan die harde werklikhede gewyt word. Die belangrikheid van die ekonomiese determinante onderliggende aan die SA situasie, moet nogtans nie gering geskat word nie. Die ekonomiese "nalatenskap" wat die ANC-regering van sy voorganger geerf het, was baie swak. Dit was egter 'n groot misvatting van die ANC-regering om te dink dat die GEAR en die vryemark – plaaslik en internasionaal – die SA ekonomie uit die situasie van stagnasie en strukturele "wanbalanse" sou lig.

Die intensiteit van die ideologiese "aanslag" wat die bogenoemde vier regse pressiegroepe teen die beweerde "sosialisme" van die ANC-alliansie loots, moet nie onderskat word nie. Wat in hierdie verband belangrik is, is die vinnige opkoms van die swart elite van 4 tot 6 miljoen mense. Die boonste 20% van die totale bevolking ontvang tans 72% van totale inkomste. Meer as die helfte van die boonste 20% is reeds swart. Die swart elite se vinnige ekonomiese opkoms sou nie saak maak het nie, as dit nie saamgeval het met 'n verdere verarming van die onderste 60% van die swart bevolking nie. Dit sou óók nie saak maak het nie, as hulle opkoms nie met soveel nepotisme en korrupsie gepaard gaan nie.

'n Mens het rede om te vrees dat die *sistemiese* geneigdhede van die SA stelsel van kapitalisme onbelemmerd voortwoeker: die rykes word vinnig ryker en die armes vinnig armer. Al wat werklik verander het, is dat meer as die helfte van die ryk elite nou swart is!

Ná vyf jaar van ANC-regering bestaan 'n eenaardige kontradiksie: die ANC-Alliansie as politieke party is ideologies steeds links georieenteer, maar die ANC as regering is sedert 1996 ideologies opvallend regs georieenteer.

Sampie Terreblanche
is 'n Emeritus-Professor
aan die Universiteit van Stellenbosch

moeilik is om betekenisvolle ideologiese verskille tussen sommige van die kleiner partye te identifiseer.

Die ANC Alliansie was ideologiese gesproke in 1994 al 'n "broad church". Maar sedert die ANC-regering die GEAR-beleid in 1996 aanvaar het en sowel COSATU as die SAKP dit openlik kritiseer, het die ANC Alliansie 'n heelwat "broader church" geword.

Wat sou die "gom" wees wat die alliansie aanmekaar hou? Waarskynlik drie dinge. Eerstens die charismatiese persoonlikheid van Pres Mandela. Tweedens wil dit voorkom asof die onderlinge lojaliteite wat tydens die Struggle in die loopgrawe gesmee is, besonder heg is. Derdens is die ANC-regering 'n trein-in-beweging wat baie voordele ("gravity") meebring vir die party lojaliste én vir diegene wat bereid is om hulle (sosialistiese?) beginsels te kompromiteer vir die voorreg om steeds saam te ry!

As daar een ding is wat die meeste klein partye met mekaar in gemeen het, dan is dit hulle afkeer in die werklike en beweerde wanadministrasie van die ANC-regering. Hierdie partye skreeu as't ware uit een mond téén die administratiewe lomphede van die ANC-regering, téén die nepotisme en korrupsie wat in regeringskringe hoogty vier, téén die ANC-regering se onvermoë om die hoë vlak van misdaad en geweldpleging onder beheer te kry.

Watter gedeelte van die beweerde swakhede van die ANC-regering op sý rekening geplaas moet word en watter gedeelte verwyrt moet word aan die swak boedel wat die ANC van sy voorganger geërf het, is moeilik om te bepaal. Wat wel verbasend is, is dat die kleiner partye se gemeenskaplike misnoeë met wanadministrasie, met nepotisme en korrupsie en met die hoë vlak van geweld en kriminaliteit, tog nie hierdie partye laat saamsmelt nie.

'n Faktor wat die voortgesette verdeeldheid tussen die klein partytjies soveel te meer raaiselagtig maak, is dat die Nuwe NP, die DP, die IVP en die Federale Alliansie (FA)

(die nuwe party van die eertydse rugbybaas Louis Luyt) en selfs die VF almal uitgesproke ten gunste van 'n neo-liberale kapitalistiese beleidsbenadering is en daarom 'n gemeenskaplike belang het téén die beweerde sosialistiese idees wat deur die ANC se alliansie vennote vertroetel word.

Wat verhinder hierdie partye om saam te smelt of saam te werk? Afgesien van persoonlike ambisies en onderlinge naywer tussen die leiers van die klein partye dra byna al hierdie partye nog aan "bagasie" uit die apartheid tydperk. Die betrokke partye weet nie hoe om van hierdie apartheidsbagasie ontslae te raak nie. Dit gee aanleiding tot onverkwiklike onderlinge verwyte.

Tweedens bestaan daar 'n opvallende afwesigheid van 'n geloofwaardige politieke leier in die geledere van die partye wat hulle oorsprong in die apartheids tydperk gehad het.

Die belangrikste rede vir die voortbestaan van die Micky Mouse partye, is dat die partye se steunbasis steeds in verskillende etniese, kleur- en taalgroepe geleë is. Die Nuwe NP se steun (sê 11% in die Junie-verkiesing) lê steeds by die Afrikaanssprekendes in die blanke en Kleurling gemeenskappe. Die FA kan dalk heelwat steun kry (2 of 3%) omdat Louis Luyt se kragdadigheid byval vind by daardie Afrikaners wat verbitterd is. Die DP se steun (sê 7%) lê in die geledere van die ryker blankes, Kleurlinge en Indiërs. Die IVP se steun (sê 7%) lê byna uitsluitlik in die geledere van die landelike Zoeloës.

Die enigste party wat moontlik betekenisvolle ondersteuning uit al die verskillende groepe kan ontvang, is die United Democratic Movement van Bantu Holomisa en Roelf Meyer. Dit is die party wat vir die grootste verrassing in die verkiesing kan sorg en deur enigiets van 4%-7% van die kiesers gesteun kan word. Holomisa daag Thabu Mbeki in sy magsbasis onder die Xhosas in Oos-Kaapland uit. Juis omdat die UDF so 'n nuwe en onsekere faktor is, kan sy teenwoordigheid ongelukkig direk en indirek tot heelwat geweldpleging lei.

Dit sal baie jammer wees as verskerpte mededinging om kiesersteun tot politieke geweldpleging gaan aanleiding gee. Suid-Afrika kan dit nie bekostig nie.

Die verkiesing gaan die ANC en sy nuwe leier Thabo Mbeki aan 'n groot toets onderwerp, nl. die toets van politieke verdraagsaamheid te midde van 'n veelheid van vennynige en dikwels onbillike kritiek wat deur die klein partye teen die ANC en Mbeki se koppe geslinger gaan word. Ter wille van die voortbestaan van demokrasie en ter wille van die veel begeerde ekonomiese oplewing, is dit bitter belangrik dat sowel die ANC as Thabo Mbeki die toets van verdraagsaamheid sal slaag.

VAN MANDELA NA MBEKI

SJ Terreblanche

Op 2 Junie sal die presidentskap van Nelson Mandela na Thabo Mbeki verskuif. Mandela is gebore uit 'n hooman-familie van een van die Xhosa-stamme. Mbeki is gebore uit 'n middelklas-familie van die Mfenku ("Fingo") stam wat 170 jaar gelede Xhosaland binnegedring het en deur die Britte met voorregte gekommersialiseer is.

Terwyl Mandela 'n warm en 'n charismatiese persoon is, is Mbeki eerder 'n introvert en 'n intellektueel. Op 80 jaar behoort Mandela aan 'n vorige tydvak, terwyl Mbeki op 56 baie jonk na liggaam en gees is en sy oog op die 21ste eeu het. Terwyl Mandela 'n aristokraat uit die eerste helfte van die eeu is, is Mbeki 'n bourgeois en 'n tegnokraat uit die tweede helfte van die eeu. Gedurende die 27 jaar wat Mandela in die tronk was, het Mbeki waardevolle ondervinding van die moderne wêreld opgedoen as 'n leiersfiguur in die buitelandse vleuel van die ANC.

Die loopbaan van Mandela lyk eerder na dié van 'n feëverhaal as van 'n mens. Sy loopbaan val in vier duidelike dele uiteen: die eerste 20 jaar in tradisionalistiese stamverband in Xhosaland; 23 jaar as vryheidsveger in en om Johannesburg; 27 jaar as politieke gevangene en slegs die laaste 10 jaar as politikus. En wat 'n 10 jaar was dit nie!

Sedert sy vrylating in 1990 tree Mandela na vore as die politieke leier wat wêreldwyd die meeste respek en die hoogste morele gesag afdwing. Ten spyte van die feit dat die Swartes so lank van politieke deelname in Suid-Afrika uitgesluit was, vertoon Mandela tydens die onderhandelinge byna bomenslike geduld en senuwees van staal. Die nuwe grondwet was 'n klinkende oorwinning vir Mandela en sy span.

Die versoenende houding wat hy gedurende sy vyf jaar as president teenoor sy eertydse blanke onderdrukkers ingeneem het, het nie alleen die blankes in Suid-Afrika nie, maar die hele wêreld met verbasing vervul. Hy dra deurgaans die belange van al 40 miljoen Suid-Afrikane op die hart sonder enige bitterheid teenoor wie ookal.

Aan die einde van sy vyf jaar as president is dit seker geoorloof om ook kritiek teen sy regeringstyl uit te spreek. Vanweë die diep verdeeld in die Suid-Afrikaanse samelewing, vanweë die geneigdheid tot geweld en misdaad en vanweë die sterk middelpuntvlietende kragte in die samelewing, was die soort staat wat Mandela geskep het, waarskynlik te "sag". Terwyl sy

versoenende houding blanke politieke opstand ontlont het, was dit nie funksioneel om geweldenaars, misdadigers, internasionale smokkelsindikate en korrupsie elemente na wense hok te slaan.

Mandela se mislukkings moet teen die agtergrond van die euweldade van apartheid beoordeel word. Die sosiale onstabiliteit inherent aan die Suid-Afrikaanse samelewing, is die restant van 150 jaar van sistemiese diskriminasie, uitbuiting en onderdrukking. In daardie tydperk is 'n groot deel van die swart bevolking verarm, ontwortel en selfs gebrutaliseer. Nadat die "dwang" van die apartheidstaat met 'n demokratiese menseregte kultuur vervang is, word die nuutverworwe vryheid ongelukkig deur te veel mense sonder die nodige sin van (demokratiese) *verantwoordelikheid* misbruik. Juis daarom is dit jammer dat Mandela nie sy hoë *morele* outoriteit met die nodige *juridiese* gesag gekomplementeer het nie.

Daar bestaan min twyfel dat Thabo Mbeki vir die volgende 10 jaar president van Suid-Afrika gaan wees. Die groot vraag is of hy die nodige "harder" staat sal kan skep. Sal hy daardie soort stabiele sosiaal-ekonomiese omstandighede kan afdwing wat die nodige buitelandse beleggings – onontbeerlik vir ekonomiese groei en werkskepping – na Suid-Afrika sal lok? Dit gaan sy grootste uitdaging wees.

Alhoewel Mbeki reeds oor die afgelope drie jaar vir die dag tot dag regering van Suid-Afrika verantwoordelik is (met Mandela as die simboliese staatshoof), bestaan daar groot onsekerheid oor watter soort regering hy gaan vestig. Hy is beslis 'n baie intelligente en energieke man wat sy teenwoordigheid in elke vertakking van die regering voelbaar sal maak.

Mbeki het 'n paar weke gelede aangekondig wie die premierskandidate van die ANC in die nege provinsies gaan wees. Dit dui op 'n sentralisasie van mag in die president se kantoor. Terwyl versoening en nasiebou die sleutelkonsepte in die Mandela-periode was, bestaan daar aanduidings dat magsentralisasie en groter dissipline in die regering en in die land as geheel, die sleutelkonsepte in die Mbeki-periode gaan blyk te wees. Indien dit wel die geval gaan wees, sal dit aan 'n baie groot behoefte voorsien.

Gedurende die afgelope vyf jaar het mens soms die indruk gekry dat elkeen van die 28 ministers in sy eie rigting beweeg. Die staatsdiens het lomp en ondoeltreffend geword – deels omdat die beleid van regstellende optrede te hard gedryf is. Die beleid van swart *gemagtiging* het in 'n *cul-de-sac* beland en die verdeling van inkome het ongelyker geword. Misdaad, geweld, nepotisme

en korrupsie is besig om hande uit te ruk. Die GEAR-strategie lewer nie die gewenste resultate nie en behoort met 'n egte "developmental state policy" vervang te word.

Die taak wat op Mbeki wag is byna 'n bomenslike een. Hy sal Salomo se wysheid nodig hê vir die moeilike (en dikwels onpopulêre) afluilings wat hy tussen beleidsdoelstellings sal moet maak. Dit gaan waarskynlik vir hom nodig wees – selfs noodsaaklik wees – om die menseregte kultuur wat in die Mandele-tyd hoogty gevier het, (tydelik) af te skaal omdat dit 'n "luukse" blyk te wees wat Suid-Afrika nie (of nog nie) kan bekostig nie.

In kringe wat Mbeki goed gesind is, bestaan daar kommer dat sy geneigdheid tot magsentralisasie tot 'n nuwe fase van magsmisbruik kan lei. Dit kan gebeur as hy die meedoënlose kritiek wat al die botsente drukgroepe teen sy kop gaan slinger, nie met die nodige takt en verdraagsaamheid gaan hanteer nie.

Indien Mbeki die demokrasie en persvryheid ongeskonde kan handhaaf, die nodige *dissipline* en sosiale *orde* kan afdwing én meer doen ter wille van armoede-opheffing, het hy die potensiaal om 'n groot president te word. Dit is belangrik dat hy slaag. Suid-Afrika het op die oomblik 'n ridder (of 'n redder) op 'n wit perd dringend nodig!